

16

DIE NAGMAAL **Hoe vier ons Nagmaal?**

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet hoe die Nagmaal van die Here in die erediens gevier word.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- wat gebeur as die Nagmaal bedien word.
- hoekom die Nagmaal gevier word.
- dat die Nagmaal net bedoel is vir die lidmate wat klaar gekatkiseer het.
- dat die Nagmaal op 'n spesifieke manier gevier word in ons Kerk.

Gesindheid

Die kinders moet graag ook eendag Nagmaal wil gebruik.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om kortliks te vertel wat alles by die Nagmaal gebeur.

MEER INLIGTING (1 Korintiërs 11: 21-29)

- Die Nagmaal is deur die Here Jesus self ingestel.
- Die brood en die wyn wat by die Nagmaal gebruik word, wys op Jesus wat vir ons gesterf het.
- Deur die tekens van die brood en die wyn verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van ons sondes.
- Deur aan die Nagmaal deel te neem, sê ons dat ons aan die Here behoort, ander mense liefhet en vir hulle omgee – net soos wat ons tot dusver in hierdie boekie geleer het en nog gaan leer.

- 'n Mens moet eers deur die kategeese alles leer oor die Bybel en die Kerk en hoe ons teenoor mekaar moet optree, voordat ons die Nagmaal mag gebruik.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Reël met die koster om die groot wynbeker, die drinkbekers, broodborde, 'n tafeldoek en servette beskikbaar te stel.
- 'n Witbrood.
- 'n Broodmes.
- 'n Onoorgemaakte bottel Nagmaalwyn.

KOM ONS BEGIN

Lees 1 Korintiërs 11: 21-29 en doen 'n kort gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Hoor wie van die kinders geleentheid gekry het om aan tafel te bid.
- Laat 'n paar kinders die woorde wat hulle uit Les 14 moes leer, opsê: *Liewe Vader, ek sê dankie dat ek soveel van U kry.*
- Laat hulle by Les 14 wys hoe die prente lyk wat hulle ingeplak het.
- Laat hulle by Les 15 die hande wys wat hulle ingekleur het en die prente wat hulle daarby geplak het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Gee kortliks die besonderhede weer soos saamgevat by MEER INLIGTING.

Dit is ook belangrik om hier met die ouers te gesels en te verduidelik dat die kinders nie vir die eerste keer van die Nagmaal moet hoor wanneer hulle skool toe gaan of selfs wanneer hulle in die finalejaarkategeseklas is nie. Die ouers moet met hul kinders oor die Nagmaal praat van die eerste keer af dat hulle die kinders saamneem na die Nagmaalviering toe. Die kinders moet sien en beleef wat daar gebeur. Dit gee die ouers die geleentheid om daarna aan die kind te verduidelik wat die Nagmaal beteken. So word hulle gereed gemaak om Nagmaal te gebruik nadat hulle belydenis van geloof afgelê het.

IETS INTERESSANT

Sny 'n paar snye van 'n witbrood af. Moet egter nie die hele brood sny nie. Plaas die snye brood weer terug teen die brood, sodat die kinders kan sien waar dit vandaan kom. Indien moontlik, kan 'n onoorgemaakte bottel Nagmaalwyn ook byderhand gehou word. Dit is noodsaaklik dat die kinders sal sien dat dit gewone brood en wyn is en nie die een of ander spesiale of vreemde brood of wyn nie.

Verduidelik en wys dat die predikant die brood in kleiner stukkies breek voordat hy dit vir elkeen aan die tafel uitdeel. Hy gooi ook eers die wyn wat in 'n groot beker is, uit in die kleiner bekere sodat elkeen daaruit kan drink.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon dat dit belangrik is dat hulle saam met hul ouers na elke Nagmaalviering sal kom. So leer hulle wat die Nagmaal beteken en sien hulle ook elke keer wat daar gebeur. So kan hulle sien en beleef dat die Nagmaal ook vir hulle betekenis het al gebruik hulle dit nog nie.

IETS OM TE DOEN

Met die volgende Nagmaal word die graad R-kindere ná die Nagmaalrediens na die Nagmaaltafel geneem. Hulle kom sit naby die dominee. Hy wys die Nagmaalservies en die brood vir hulle. Die voorsitter van die diakonie kom wys die dankoffer wat onder die tafeldoek ingesit word en verduidelik dat dit gebruik word om vir arm mense te sorg. Waar die gebruik vandaan kom, kan ook deur die dominee verduidelik word.

BY DIE HUIS

- Laat Pappa of Mamma vir jou lees uit Matteus 26: 17-30, Markus 14: 12-25 of Lukas 22: 7-23. Teken 'n prentjie van die Nagmaalviering en verduidelik vir Pappa of Mamma wat jy geteken het.
- Herinner die kindere daaraan dat dit volgende week 'n gesinsles is en dat hulle vir Pappa en Mamma moet vra om asseblief saam met hulle na die klas toe te kom.

AFSLUITING

Sluit die les af met 'n kort gebed. Die Here word gevra om elke kind só –

- te laat grootword dat hulle sal verstaan wat Jesus vir hulle gedoen het.
- te lei dat hulle eendag self aan die Nagmaal sal deelneem.